higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

REGSPROSEDURES EN BEWYSREG
NKR VLAK 4

(8021004)

12 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal nagesien word. Trek 'n streep deur werk wat nie nagesien moet word nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord enige EEN van die twee vrae in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

NC(N)

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die voorverhoorfase is wanneer 'n misdaad ondersoek word. Dit eindig sodra die verhoor begin.

1.2 As daar meer as een beskuldigde is en een van hulle is afwesig, word die verhoor gewoonlik tot 'n later datum uitgestel.

1.3. Die gevolg of uitwerking van arres is dat die gearresteerde persoon in regmatige hegtenis is, en aangehou word totdat hy of sy regmatig vrygelaat of in vryheid gestel word.

1.4 Die verstrykingsdatum word deur verskeie faktore bepaal.

1.5 Artikel 22 van die Strafproseswet bepaal dat die staat sekere voorwerpe in beslag mag neem.

1.6 Artikel 58 tot 71 van die Strafproseswet handel oor aspekte wat borgtog raak.

1.7 Die hoogste hof van appèl funksioneer slegs as 'n hof van appèl en nooit as 'n hof van die derde instansie nie.

1.8 Buitengewoon lang vonnisse is een van verskeie vorme van vonnisse.

1.9 Kondonasie is die amptelike lys van hofsake.

1.10 'n Direkte getuienis dui op die getuienis van 'n persoon wat 'n feit in geskil waargeneem het en wat, met ander woorde, 'n ooggetuie daarvan was.

(10 × 1) **[10]**

NCV

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur een van die woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

waarskuwing; prosedurele; verhoor; eer; laer; die regspleging; erkenning; 67; *audi alteram partem;* 51; parool; gevangenis; polisie

2.1 Strafregtelike ... magte, is magte wat regtens aan sekere persone verleen word.

2.2 Een van die redes waarom 'n kommissie uitgereik word is dat die getuienis in die belang van ... noodsaaklik is.

2.3 Artikel ... van die Polisiewet (Wet No 68 van 1995) handel oor inmenging by lede.

2.4 Artikel ... van die Strafproseswet (Wet No 51 van 1977) handel oor ontsnappings en bystand met ontsnappings.

2.5 Op grond van ons waardigheid, ... en privaatheid heg ons almal groot waarde aan ons liggame.

2.6 Indien beskuldigdes minderjarig is, kan hulle op borgtog sowel as met 'n ... vrygelaat word.

2.7 ... beteken laat die ander kant ook gehoor word.

2.8 Die ... hof kan beslis watter straf opgelê word.

2.9 Die hooggeregshof beskik volgens die reg ook oor hersieningsbevoegdheid ten opsigte van ... howe.

2.10 'n ... is swakker as 'n bekentenis.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Privilegie van die regsberoep	A	wederregtelike en onopsetlike doodmaak van iemand anders
3.2	Hersiening van appèl	B	'n kommissie beteken dat 'n kommissaris die getuienis van getuies aanhoor
3.3	Swygreg	C	'n voorwerp word in besit geneem en daarna in bewaring gehou
3.4	Moord	D	borgtog voor die eerste verskyning van 'n beskuldigde in 'n laer hof
3.5	Roof	E	dit verleen regresreg aan elke beskuldigde
3.6	Getuienis op kommissie	F	dis een vorm wat 'n vonnis kan aanneem
3.7	Beslag lê op	G	die verdediging kry geleentheid om die hof toe te spreek oor die vraagstuk of die beskuldigde skuldig bevind of vrygespreek moet word
3.8	Artikel 59 van die Strafproseswet	H	enige persoon is geregtig om met 'n regspraktisyn oorleg te pleeg en regsadvies in te win
3.9	Om die hof toe te spreek	I	die onregmatige en opsetlike, hardhandige verwydering van iemand anders se roerende en tasbare eiendom
3.10	Verklaring tot gewoontemisdadiger	J	'n beskuldigde mag nooit gedwing word om te getuig nie
		K	'n regter kan 'n aansoek óf toestaan óf van die hand wys
		L	hulle woon in alle provinsies en het hulle eie setels in die hoë hof
		M	hoef nie die doel van die huissoeking of die item waarop beslag gelê kan word, te omskryf nie

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen 'n bekentenis en 'n erkenning. (12)

4.2 Bespreek artikel 159(2) van die Strafproseswet ten opsigte van die omstandighede waarin strafverrigtinge in die afwesigheid van die beskuldigde voortgesit kan word. (8)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

Gepubliseer: Vrydag 12 September 2014, 03:52 VM

Reeva het 'n aaklige, pynlike en verskriklike dood gesterf, het haar ma, June, gesê. So het sy teen die regter uitgevaar wat die lemnaler se verweer dat hy gedink het daar was 'n inbreker in die slaapkamer, geglo het. 'Hy het die skote deur die toe deur afgevuur. Ek kan nie glo dat hulle kan glo dat dit 'n ongeluk was nie.'

Dit skeel haar min dat die paralimpiese atleet tot 15 jaar in die tronk kan deurbring, het sy aan NBC News gesê.

Regter Masipa het 'n wye diskresie in vonnisoplegging: óf sy kan Oscar Pistorius tot gevangenisstraf of huisarres veroordeel óf sy kan hom vryskeld.

Noem die misdaad waaraan Oscar Pistorius volgens die berig skuldig bevind is. (1)

5.2 Definieer die misdaad waaraan hy skuldig bevind is. (2)

5.3 Verduidelik diskresie in vonnisoplegging. (9)

5.4 Verduidelik artikel 35(5) van die Grondwet (Wet No 108 van 1996) aangaande 'n billike verhoor ten opsigte van die toelating van getuienis. (3)
[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Mnr Dealer word verdink dat hy Mandraxtablette tuis vervaardig en handel dryf in dwelms. Volgens 'n informant het mnr Dealer 'n groot besending Mandraxtablette ontvang waarvan hy so gou moontlik ontslae wil raak. Die polisie daag by sy huis op met 'n visenteringslasbrief. Hulle maak self die voordeur oop, kondig hulle teenwoordigheid aan, en begin die huis deursoek. In die kelder kom hulle op 'n dwelmfabriek af asook sakke Mandraxtablette met 'n straatwaarde van R2 miljoen. Hulle neem die sakke Mandraxtablette sowel as mnr Dealer se rekenaar en selfone in beslag, en neem mnr Dealer in hegtenis.

6.1 Verduidelik wat *redelike gronde* uitmaak. (3)

6.2 Bespreek die voorwerpe wat die polisie in beslag kan neem. (6)

6.3 Bespreek die oorwegings waarmee die howe rekening moet hou om die toestaan van borgtog te beperk. (6)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 7

7.1 Noem die DRIE sake wat iemand wat aan 'n misdaad skuldig bevind word, ingevolge artikel 309(1)(a) van die Strafproseswet (Wet No 51 van 1977) op appèl kan neem. (3)

7.2 Verduidelik die prosedure wat die hof kan volg indien 'n beskuldigde weier om te pleit. (3)

7.3 Onderskei tussen arres met 'n lasbrief en arres sonder 'n lasbrief. (14)
[20]

OF

VRAAG 8

8.1 Verduidelik wat *geen getuienis* beteken. Noem die saak waarin daar tot sodanige beslissing gekom is. (4)

8.2 Verduidelik die bevoegdheid van die Staatspresident ingevolge artikel 84(2)(j) van die Grondwet om oortreders te begenadig of grasie aan hulle te verleen. (16)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOT TOTAAL: 100

NC(V)

Kopiereg voorbehou